**21 Mei**
**Skrifgedeelte: Matteus 22:23-33**
**Fokusgedeelte: Matteus 22:29**

**Luister gehoorsaam!**

Die Saduseërs, wat nie in die opstanding geglo het nie, probeer Christus met `n strikvraag vang: "Wie se vrou sal dié vrou wat weer getrou het in die hiernamaals wees?" Met sy antwoord laat Christus ons iets van die toekoms deur die newelgordyn sien. Die nuwe mensheid gaan `n nuwe, heerliker bestaan voer. Selfs die pragtige saak van die huwelik tussen man en vrou word agtergelaat wanneer ons hierdie heerlikheid ingaan. Wat Jesus ons ook hieruit wil leer, vind ons in vers 9, as Hy die Saduseërs verwyt dat hulle die Woord nie verstaan nie, omdat hulle hul daarvan losgemaak het. Hulle LUISTER nie meer na die Woord nie, omdat hulle nie die HELE Skrif glo nie. Hulle wil die hemelse dinge op `n aardse manier verklaar. Die hele Skrif is deur die Gees ingegee. Ook die Ou Testament leer ons: "So sê DIE HERE!" Die tweede fout van die Saduseërs was dat hulle nie die krag van God geken het nie. Maak jou los van die Skrif, en jy maak jou los van God. Elke bietjie aardsheid wat mens by die verstaan van die Skrif byvoeg, breek verder af aan die verstaan van God se Woord. Daarom het die Fariseërs en Saduseërs nie die Messias kon herken toe Hy gekom het nie. Hulle het Hom gehaat, vervolg en gekruisig. So het hulle die toekomstige heerlikheid verloor omdat hulle dit nie verstaan het nie of daarin geglo het nie. Behou daarom die eenvoudige, kinderlike verstaan van die Skrif! Moenie oormoedig word met die Woord van die almagtige God nie! Luister GEHOORSAAM. Buig voor Hom, glo, en wag op die vervulling van sy beloftes met spanningsvolle blydskap.
*Ds HT de Villiers (Pretoria)*